

Skriflesing: Openbaring 1Teks: **Openbaring 1:3,11, 17-18**Sing- **VOORAF SANG: Sb. 2-2 (34):1,3**TYDENS EREDIENS: **Ps. 145:2,3; Ps. 98: 2,4; Ps. 40:3; Ps. 118:8****Openbaring 1**

Rev 1:1 Wat hier volg, is deur Jesus Christus geopenbaar. God het die openbaring oor wat binnekort moet gebeur, vir Hom gegee om aan sy dienaars bekend te maak. Jesus het toe sy engel gestuur om sy dienaar Johannes dit alles te laat sien.

Rev 1:2 Johannes is die getuie van wat God gesê en wat Jesus Christus bevestig het; hy getuig van alles wat hy gesien het.

Rev 1:3 Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby.

Rev 1:4 Van Johannes. Aan die sewe gemeentes in die provinsie Asië. Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon,

Rev 1:5 en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde. Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos

Rev 1:6 en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader. Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.

Rev 1:7 Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurboor het; en al die volke van die aarde sal oor Hom in selfverwyte weeklaag. Ja, dit is seker!

Rev 1:8 "Ek is die Alfa en die Omega," sê die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.

Rev 1:9 Ek, Johannes, is julle medegelowige, en deur ons verbondenheid met Jesus het ek saam met julle deel aan die verdrukking en aan die koninkryk en aan die volharding. Ek was op die eiland Patmos, waarheen ek verban was omdat ek die woord van God en die getuie van Jesus verkondig het.

Rev 1:10 Op die dag van die Here is ek deur die Gees meegevoer en ek het agter my, so hard soos die geluid van 'n trompet, 'n stem hoor

Rev 1:11 sê: "Skrywe wat jy sien in 'n boek op en stuur dit vir die sewe gemeentes: Efese, Smirna, Pergamum, Tiatura, Sardis, Filadelfia en Laodisea."

Rev 1:12 Ek het omgedraai om te sien wie dit is wat met my praat. En toe ek omgedraai het, het ek sewe goue staanlampe gesien

Rev 1:13 en tussen die lampe iemand soos die Seun van die mens. Hy het 'n lang kleed aangehad en 'n goue band om sy bors gedra.

Rev 1:14 Die hare op sy kop was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë het soos vuur gevlam.

Rev 1:15 Sy voete was soos geelkoper wat in 'n smeltoond gloei, en sy stem soos die gedruis van 'n groot watermassa.

Rev 1:16 In sy regterhand het Hy sewe sterre gehad, en 'n skerp swaard met twee snykante het uit sy mond uit gekom. Sy hele voorkoms was soos die son wat op sy helderste skyn.

Rev 1:17 Toe ek Hom sien, het ek by sy voete neergeval en bly lê soos een wat dood is. Hy het toe met sy regterhand aan my gevat en vir my gesê: "Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste,

Rev 1:18 die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk.

Rev 1:19 Skrywe nou op wat jy gesien het, wat nou daar is en wat hierna gaan gebeur.

Rev 1:20 En dit is die verborge betekenis van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en van die sewe goue lampe: die sewe sterre is die leraars van die sewe gemeentes, en die sewe lampe is die sewe gemeentes."

Skriflesing: Openbaring 1Teks: **Openbaring 1:3,11, 17-18**Sing- **VOORAF SANG: Sb. 2-2 (34):1,3**TYDENS EREDIENS: **Ps. 145:2,3; Ps. 98: 2,4; Ps. 40:3; Ps. 118:8**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus dit is baie groot in wat ons in ons menslike swakheid in die volgende weke mee besig wil raak. Om die boek Openbaring weer 'n slag van begin tot einde te lees en te verkondig is sekerlik 'n voorreg wat vir enige geroepe en bevestigde bedienaar van die Woord groot vreugde moet bring. Tegelyk is in die vreugde 'n verantwoordelikheid ingebed wat iemand wat met Openbaring besig raak homself/haarself gedurig moet afvra wat is nou die kernaspek. Waarmee is ons regtig besig as ons met die besondere laaste boek van die Bybel besig raak.

In ons tyd is daar talle en talle video's en predikers en getuies wat hulle op hierdie boek beroep en sal ons elke keer weer moet toets is dit werklik waarvoor God die openbaring aan Johannes op die eiland Patmos op 'n Sondag só 95nC gegee het. Is Openbaring regtig bedoel om sensasioneel te wees?! In ons dae word voorspellings en allerhande teorieë en vergelykings met ons tyd se wêreldfigure en wêreldtoestande baie gou geïnterpreteer asof hierdie gebeurtenis of hierdie simbool of hierdie duiwelse werking nou presies inpas waarmee Openbaring ons gewaarsku het.

Die groot vraag is of Openbaring in sy breedste toepassing 'n boek van voorspellings en waarskuwings wil wees, moet ons die sensasionele hierin soek, of moet ons vertrekpunt eerder wees, ja ons word gewaarsku maar God se bedoeling met hierdie boek is om ons by die waarheid, die troos en die versterking van sy Woord in Christus Jesus uit te bring. Om ons te versterk en te troos om in die dreiging van tyd en omstandighede elke keer nog weer te bring nie soseer by 'n gebeurtenis nie, maar by 'n Persoon nl. Hy wat Jesus die Christus is. Met Hom wat die Christus is, moet ek hierdie lewe en hierdie wêreld ingaan en ja ek doen dit nie alleen nie. Ek doen dit saam met die Kerk van alle eeue, die kerke van alle eeue, wat alle volke tale en nasies van alle tye omvat, ja 'n Kerk wat Christus sy Kerk noem en Hy sy Kerk nie aan hulle eie lot sal oorlaat nie.

Vir Christus is die belangrikste op aarde nie dinge wat nog gaan gebeur nie, want daar het al verskriklike dinge in hierdie wêreld gebeur en daar kan nog weer voordat Christus kom nog

erger en nog meer verskriklike dinge gebeur. Tog moet die Kerk van alle tye, eeue geslagte en volke nie in onsekerheid wees maar wat gaan van my word nie.

Gelowige kind van God as jy met Openbaring besig raak dan weet jy wat het alreeds van jou geword. Jy is 'n oorwinnaar wat mag glo dat in Christus het ek reeds in Openbaring 1 die volle getuienis, die volle openbaring wat God aangaande Homself in Christus wil gee. In Hom is ek reeds méér as 'n oorwinnaar. Eerstens sien ons hoe Christus getuienis gee, Christus gee die openbaring rakende sy Woord. Daarna sien ons Christus se getuienis aangaande sy Kerk. Laastens sien ons Christus se getuienis, ja weereens gaan dit om Christus en dit gaan om Christus se openbaring betreffende sy heerskappy. Om dit korter te stel, Christus se Woord, sy Kerk en sy heerskappy moet in die lees van hierdie boek altyd voor oë wees.

Eerstens gaan dit om Christus se getuienis aangaande sy Woord:

Die boek Openbaring begin soos wat Christus se eerste preek op aarde ook begin het, ja Christus het begin deur saligsprekinge uit te spreek. Christus het begin preek (Mattheus 5:3-12) deur een saligspreking ná die ander voorop te stel. Openbaring begin ook met 'n besondere saligspreking soos ons dit in die ouer vertaling ook kan lees- *Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.* Die 1983-vertaling stel dit- *3 Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby.* In die 2020 Vertaling staan: *3 Gelukkig is die een wat dit voorlees, en ook hulle wat die woorde van dié profesie hoor, en vashou aan dit wat daarin geskryf staan, want die bestemde tyd is naby.*

Dit gaan om Christus wat Homself met sy Woord een maak! Christus maak Homself één met sy Woord. Die getuienis van die Woord van God en die getuienis van Jesus Christus is op geen wyse in stryd met mekaar nie. Vers 2 bring Johannes op Bybelse gronde as daar staan- *2 Johannes is die getuie van wat God gesê en wat Jesus Christus bevestig het; hy getuig van alles wat hy gesien het.* As ons mooi lees deur hierdie eerste hoofstuk van die laaste boek van die Bybel dan is as't ware die hoofopdrag aan Johannes jy moet aan die Woord van God op unieke wyse gestalte gee. Daar moet getuienis wees om dit wat God sê, om dit wat in Christus bevestig word, dit is dinge wat gelees moet word, gehoor moet word, geskryf moet word. Dit moet ter harte geneem kan word. Daarin lê sekerlik die diepste vorm van geluk, ja jy as mens sal waarlik in watter tyd en omstandigheid die wêreld ook mag wees, jy sal nog altyd geseënd wees, jy sal

nog altyd salig wees as jy werklik ter harte neem dit wat God jou laat hoor, ja dit wat God sê is tog sy Woord! Daarom eindig hfst. 1 nie met sterre wat in die nag aan die wolke trans skyn nie, maar God wil hê die bedienaars van sy Woord is sy sterre wat in sy hand moet wees. Openbaring 1 vers 20 se einde stel dit duidelik- ... *die sewe sterre is die leraars van die sewe gemeentes en die sewe lampe is die sewe gemeentes.* 'n Leraar is een wat die Woord van God moet kan lees, kan laat hoor, dit verkondig. 'n Leraar wat nie getuienis kan gee aangaande die Woord van God nie is die naam leraar nie werd nie en nog minder sal so een 'n ster in die regterhand van Christus kan wees. Johannes sien wel die sterre in Christus se regterhand ... Johannes sou besef eksself is die een wat nou moet leer, ja Christus wil my na sewe sterre, na sewe gemeentes heenlei maar ek moet self eers aangaande Sy Woord kan getuig, eksself moet dit hoor, dit skryf, diep in my laat indring dit wat reeds geskryf is want ons lewe in die eindtyd en as dit verby is dan is dit verby. Daar is alreeds langer as 2000 jaar verby, hoe lank nog weet ons nie, maar in alles weet ons hierdie is die eindtyd! Dan sal die wêreld nooit weer wees dit wat die wêreld nou is nie! Die eerste saligspreking eindig juis met 'n beklemtoning want die eindtyd is naby! Ons moet kan lees, ons moet kan hoor, ons moet dit ter harte neem juis dit wat geskryf staan! Alles ja in alles wil Christus sy getuienis aangaande sy Woord vooropstel. As God se Woord nie eerste staan in jou lewe nie wat staan dan eerste?!

Tweedens sien ons dit gaan vir Christus nie om 'n openbaring maar sommer in die algemeen nie, maar Christus se openbaring is in besonder gerig aan Wie sy Kerk is! Ons sien –

Daar word in besonder aan kerke hierdie openbaring gegee, nie maar sommer so in die algemeen nie:

"Skrywe wat jy sien in 'n boek op en stuur dit vir die sewe gemeentes ... Hier hoor ons Christus met sy eie mond sy eie vertrekpunt so duidelik stel- Eerste staan sy Woord, daar is 'n boek waarin dinge wat Johannes sien opgeskryf moet word maar spesifiek dan kom die tweede gedagte- *stuur dit vir die sewe gemeentes ...* Sewe gemeentes word by name genoem maar ons besef sewe is die volheidsgetal wat in Openbaring in baie gevalle heenwys na die omvattendheid en die volkomenheid van dinge. In Openbaring kry ons ook later te make met sewe seëls wat gebreek moet word wat wys op die oopmaak van God se raadsbesluite. Ons kry nog weer te doen met sewe trompette/simbale wat die omvattendheid van God se oordele aankondig. Nog later kry ons weer te te doen met sewe bakke of skale wat op hierdie aarde uitgegiet word as

simbool van God se toorn, ja God se sewe plae wat dan wel ook op die aarde uitgegiet sal word. Elke keer is sewe die getal van vervulling, voltooiing, dis 'n volheidsgetal wie met hierdie boek die getalle-simboliek vertolk.

Die kerke van alle eeue is in hierdie sewe gemeentes inbegrepe. Geen ware kerk kan losgemaak word van wat die Here hier aan spesifieke kerke geskryf het nie, want die openbaring wat God aangaande sy Kerk gee is 'n getuienis aan alle kerke van Christus wat daar op die aarde was, wat tans op aarde is en wat ook nog op hierdie aarde mag kom. Daar sal nooit 'n tyd wees wat daar nie kerk van Christus op hierdie aarde is nie, want Christus is 'n Koning wat nooit, maar nooit, sonder onderdane sal wees nie. Vir ons as Kerk is dit 'n geval van ons moet ons altyd nog weer ondersoek in watter mate is ons nog werklik kerk van Christus. Tegelyk soos daar in die sewe gemeentes, ja in vyf van die sewe gemeentes was daar sondes, in baie gevalle gruwelike sondes, moet ons ook onself ondersoek of ons werklik kon breek met die sondes wat Christus in hierdie besondere openbaring aangaande hierdie sewe gemeentes gegee het.

Hiermee saam besef ons die openbaring aan die kerke dra juis die kenmerk van wat 'n profesie is. Dit gaan oor dinge wat in die wêreld gaan gebeur maar beslis ook ingesluit dinge wat in die Kerk van die Here aan die gebeur is. Trouens Jesus wil nie oor wêreldgebeure profeteer as dit nie in die lig van die kerklike profesieë beoordeel kan word nie. Anders gestel die profesieë aangaande die kerk van die Here moet my juis op 'n besondere wyse die bril gee wat my ook na wêreldgebeure laat kyk.

Dadelik besef ons openbaring dra deurgaans 'n baie belangrike woord en dit is wat ons eenvoudig vertaal as KYK! Hierdie besondere "kyk" staan vir die kerke al in vers 7 as 'n kernvers- *7 Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurboor het; en al die volke van die aarde sal oor Hom in selfverwyt weeklaag. Ja, dit is seker!* Daar vind 'n besondere "kyk" plaas want die ware Kerk moet weet wat dit is om reg te kyk. Ons moet as Kerk altyd na binne kan kyk maar daar moet ook na buite gekyk word. Nou is dit ook só wie nie reg na binne kyk nie sal ook nie in staat wees om sy kyk op die wêreld in fokus te bring nie! Daarom dat Christus in Openbaring met sy openbaring aangaande die Kerk begin.

En hier kom vir die ware kerk nog 'n belangrike verskil na vore. Die vroeëre geskifte in die Nuwe Testament het gepraat van Christus kom OP die wolke, maar nou stel die nuutste Nuwe-Testamentiese geskrif aan ons dat Christus kom MET die wolke.

Vandag besef ons die kom met die wolke is ook die wolke van gebeure wat hierdie wêreld tref. Christus se koms is ook in die wolke van storms, van aardbewings, van hongersnede van tsoenami's afgeteken. Hy kom met die oorloë, die rampe, ja Hy kom ook met die siekte - epidemies, met hierdie Covid-19 wat net aanhou en aanhou. Dan erg dan weer minder erg maar dis golf na golf en dit bly erg! Ja, al die dinge wat Christus in sy profetiese rede in Mattheus 24 al so duidelik geprofeteer het staan in die nouste aansluiting met wat sy koms steeds is. Daar is niks wat in hierdie wêreld gebeur wat nie ook in verband gesien moet word in hoe Christus se koms nou, maar ook in die toekoms daar sal uitsien nie. Weereens dis so nodig en so belangrik dat ons "KYK" op hierdie dinge Christus se koms met die wolke nie sal miskyk nie! Die kerk moet kan kyk, moet kan raaksien wat die gewone menseoog nooit sou kon sien en uitmaak nie! Daarom dat alles vir die kerk moet begin en eindig by Hom wat die alfa en die omega is. Dit vorm dan ook ons laaste gedagte in so 'n ryke eerste hoofstuk van Openbaring vandag:

Dit gaan ook om Christus se openbaring betreffende sy heerskappy:

Geliefdes wie in alle erns met hierdie laaste boek van God se Woord besig is, sal in alles met God se heerskappy rekening moet hou. Die feit van God se almag kan en mag ons nooit miskyk nie! Die ouer vertaling praat nog direk uit die Griekse alfabet dat Hy is die alfa en die omega. Dit is die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet. Die 1983-vertl praat van Hom in vers 17 - *Hy is die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk.* Dit alles in die nouste samehang wat ons alreeds in vers 8 gelees het- 8 "*Ek is die Alfa en die Omega,*" *sê die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.* Al ons amptelik erkende Afrikaanse vertalings van God se Woord is hier so duidelik. God se almag is nooit onder verdenking nie! Ja, al gaan dit met jou en my nie goed nie, verander dit niks daaraan dat God almagtig is nie.

Toe die apostel Johannes seker omtrent op 85 jarige ouderdom (dalk nog ouer!) hierdie openbaring ontvang het, ja hy is die enigste oorlewende van al die apostels dan is sy koning 'n baie wrede keiser. Keiser Domitianus het vir Johannes na die eiland Patmos verban in 'n tyd wat

christene so wreed vervolgd was. Ons weet hoe daar 'n tyd was dat hulle aan die brand gesteek was, voor leus gegooi was vir die heidene se vermaak, vir die sport is gelowiges gedood, hulle van verskillende kante aan wiele wat in uiteenlopende rigtings sou beweeg, gebind was, en soos die werktuie deur diere getrek was, is die gelowiges se liggame stuk-stuk uitmekaargeskeur. Dat Johannes op hierdie stadium nog gelewe het, was in alles net nog 'n bewys van genade. Ja in alles eintlik ook net 'n bewys van God se almag. Al is sovele al rondom hom gedood, tog was dit nog nie sy tyd nie! Hy word verban na hierdie klip eiland waarop eintlik geen plantegroei kan groei en bestaan nie, maar juis op hierdie eiland ontvang hy wat Johannes is die mees groeiende en dinamiese openbaring van God wat geen mens homself/haarself dit eintlik kan voorstel nie.

Openbaring is 'n boek van voorstelling en dinamika wat mens die omvang en diepte nooit sal kan uitput nie. Baie dinge word in beelde en getalle en simbole en selfs in figure voorgestel wat jy eintlik huiwer by hoe angswekkend sommige tonele sou wees wat Johannes deur God gewys en geopenbaar is. Die voorstelling van drake en diere met baie koppe en afgronde en allerlei verskriklike geluide en dinge wat Johannes op hierdie eiland sou meevoer kan ons onself eintlik nie in alles 'n definitiewe voorstel maak wat sou van my word as ek deur dit alles moes gaan nie.

Alles steeds nog rondom God se almag saamgestel. Wie Openbaring begin lees se vertrekpunt sal altyd moet wees ons staan voor 'n almagtige God wat is wat Hy is. *Ek is wat Ek is*, is 'n Naam wat God Homself noem en is nooit los te maak van sy almag nie. So het Moses God moes leer ken- en so is God se selfopenbaring ook aan Johannes gebind aan die EK IS- In 'n reeks van EK IS- preke het ons Jesus so 'n ruk terug tot ons hoor preek maar die boek Openbaring is ook gelaai met hierdie EK IS- van Hom wat God is. Spesifiek dan as ons God hoor sê - 8 *“Ek is die Alfa en die Omega,” sê die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.* Die EK IS, is nie alleen aan die almag van God verbind nie, maar in alles is Hy die begin en die einde.

Hiermee saam is God in Jesus Christus Self die geloofwaardige getuie. Die Drie-Eenheid is dadelik van begin tot einde ter sprake. Ook as ons lees van die sewe Geeste wat voor sy troon is dan is die Heilige Gees in sy volle werking ter sprake. Die Heilige Gees bind Homself aan die volheidsgetal om sy werking in hierdie wêreld voluit te beskryf. Vanaf God se troon word die

Drie-Enige God se heerskappy beklemtoon. Spesifiek ook wat die heerskappy van Christus omvat word Christus geopenbaar nie alleen as 'n lewende geloofwaardige Getuie nie, maar Hy die eerste wat uit die dood opgestaan het om nooit weer daar in te gaan nie. Hy die heerser oor die konings van die aarde.

Met hierdie uitgangspunt sal ons dan die komende weke as dit so mag wees hierdie boek verder ingaan. Ons sluit af in die besef dit is dan ook nie vir Jesus Self wat Johannes gesien het nie, maar het hy Een gesien soos die Seun van die mens. Niemand kan God sien en bly leef nie, daarvoor is sy heerlijkheid net te groot (vgl. Eks 33:20)! As ons Christus se openbaring betreffende sy heerskappy hoor dan het die Een wat Jesus voorgestel het 'n lang kleed aan met 'n goue band om sy bors. Dit wys op Jesus se volmaakte Hoëpriesterlike werk. Hy het klaar die offer gebring daarom is die band nie meer om sy heupe nie, maar om sy bors. As ons lees van hare wit soos wol wys direk op sy heiligheid, skoonheid en heerlijkheid. Oë wat soos vuur vlam wys op sy insig en alwetendheid. Sy voete soos geelkoper wat in 'n smeltoond gloei. Dit wys op Jesus se standvastigheid en onveranderlikheid. Hy is gister en vandag en môre en tot in alle ewigheid dieselfde God.

Johannes het ook in vandag se hoofstuk gehoor 'n stem soos die gedruis van groot watermassas. Weereens kom dit terug na God se Woord. Die water wys op die gesag waarmee Jesus optree. Die see sou op sy bevale moes reageer. En die swaard uit sy mond weerskante skerp kan niks anders wees nie as God se Woord. So het Paulus ook al die Woord van God bely wat baie diep kan sny. Dit sny tot in die diepste dele van jou en my lewe maar maak ook die verskil tussen gelowiges en ongelowiges. Hulle wat Christus waarlik ken, geskei van hulle wat Hom nie wil ken nie. Die swaard moes weerskante vlymskerp wees en so moet ons nou nog die Woord van God hanteer as 'n swaard in sy skerpheid steeds vlymskerp.

Ons sou tot vanaand kon aangaan om hierdie beelde van Christus se heerlijkheid net meer en meer te maak. Sy voorkoms wat ook met die son vergelyk word. Dit wat op die helderste skyn maar dan wil Jesus met sy kerk besig raak. Die sewe goue lampe is die sewe gemeentes en Christus staan midde die lampe, Hy is in sy Kerk, ja elke ware gemeente moes Hom in sy heerlijkheid kon sien en bely. Ja, Hy wat die alfpunt maar ook die omegapunt van sy Kerk hier

op Postmasburg ook moet wees. In ons kerk-wees is die vraag vir hierdie week, ja die vraag vir ons lewe is Hy werklik die omega punt in jou en my lewe? Dit sou Jesus by sy eerste gemeente uitbring waar ons DV 'n volgende keer mag kom by die eerste van hierdie sewe gemeentes.

AMEN